# TuiSonderrig:

Na 'n onlangse koerantberig waarin daar genoem word dat daar tans talle leerders (na raming tussen 30 000 en 120 000 - daar is nie op die stadium betroubare statistiek beskikbaar nie) in SA is wat tuisonderwys ontvang, het my belangstelling in dié fenomeen toegeneem.

Vir jare self 'n onderwyseres, eers by verskeie staatskole en die laaste 12 jaar van my onderwysloopbaan by 'n plaaslike privaatskool, het ek amper met verbasing na die berig voor my gekyk. Duidelik is iets in SA aan die gebeur waarvan ek salig onbewus was. Hoewel ek tydens my onderwysjare bewus was van enkele leerders wat tuis onderwys ontvang, dra ek absoluut geen kennis van die funksionering daarvan nie.



> *"Jy moet jouself heelhartig verbind aan die gebooie wat Ek vandag vir jou gee. Herhaal hierdie woorde oor en oor vir julle kinders."* **Deut 6:6-7**

## Onderwysstelsel verander

Sedert ek die onderwys verlaat het, het verskeie veranderinge reeds in die Onderwysstelsel ingetree. Dit het nou die slagveld van kompeterende idees en onBybelse agendas geword. Enigeen wat glo dat onderwys neutraal kan geskied, maak 'n reuse flater. Ek het nie eens nodig om hier uit te spel watter kommer daar op alle vlakke heers oor die algemene standaarde wat deesdae in die Onderwys geld nie.

Die onlangse debatte in die media lê vars in almal se geheues. Ook wat sosiale gedrag in skole betref, heers daar by ouers kommer oor die toename in geweld, dwelmgebruik, seksuele omgang, verbale mishandeling en vele ander euwels op skoolterreine. Nie alleen mag Godsdiens nie meer as verpligte vak aangebied word nie, maar daar is 'n algehele verbod op die beklemtoning van een geloof bo 'n ander.

## Ontstellende situasie

Alle gelowe moet as gelyk aan leerders voorgehou word. Die evolusionêre benadering van die Menslike Wetenskappe is alombekend; Geskiedenis as skoolvak fokus nie soseer meer op wêreldgeskiedenis nie, maar grotendeels op enkele belangrike wêreldgebeure en geselekteerde Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Voorgeskrewe letterkundige werke laat party ouers rooi in die gesig; sommige jong onderwysers se gedrag binne en buite die klaskamer laat skoolhoofde soms met hande in die hare en die gehalte van die Wiskunde-onderrig in SA het kundiges in dié vakgebied uiters bekommerd. En so kan ons aangaan. Watter ander moontlikhede is daar egter vir hedendaagse, en veral Christen-ouers? Is tuisonderwys werklik 'n alternatief? Dit is tog nie onbekend dat 'n Christelike opvoeding van onskatbare waarde is nie. Want dit skep 'n omgewing waar respek vir God, Sy Woord en gesag as deel van 'n moreel-etiese en Christelike wêreldbeskouing gelê kan word.

Indien ouers hul kinders liefhet en wil hê dat hul kinders in die weë van die Here moet grootword, is dit noodsaaklik om in hul geestelike, intellektuele, emosionele sowel as fisieke welsyn te belê. Om betrokke te wees by hul onderwys, is 'n integrale deel van ouerverantwoordelikheid. Dit kan nie aan 'n buite-instansie alleen oorgelaat word nie! JUIG! het met verskeie kundiges asook ouers wat wel tuisskoling doen, gesels.

## Kundige aan die woord

Pam Yoko, Bemarkingsbestuurder van ACE - Accelerated Christian Education - en eggenote van die HUB van ACE - SA, Graham Yoko, het soos volg geantwoord op die vrae wat aan haar gestel is.

### 1. Waarom behoort Christen-ouers Christen-onderrig te oorweeg?

My gevoel is dat my kinders ten minste 30 uur per week aan skoolwerk bestee – ek is dus baie versigtig wie inspraak in hul lewens het. Ek wil baie seker maak dat dit wat hulle geleer word, dieselfde beginsels handhaaf as wat ons tuis aan hulle deurgee.

### 2. Hoe het jul dogter by die universiteitslewe aangepas? Was dit vir haar moeilik om aan die 'lesingstelsel' gewoond te raak nadat sy die ACE-stelsel deurloop het?

Ons dogter studeer tans aan UK en haar reaksie was dat die lesings 'n bonus is en dat studie eintlik plaasvind as sy op haar eie met haar boeke sit. Sy voel sy is goed voorberei deurdat sy vroeg reeds geleer is om doelstellings te hê, dit te verwesenlik en om verantwoordelik vir haar eie studie te wees.

### 3. Hoe vaar jul studente oor die algemeen op universiteit?

Baie van die leerders wat reeds op universiteit is, is op die Dekaan se Lys vir die 'Goue Sleutel-toekenning'. Ons statistiek bewys dat leerders wat die ACE-program gevolg het, uitstekend gevaar het op universiteit, sowel hier as oorsee. Dit wat hulle leer, kom vir hulle baie handig te pas wanneer vasberadenheid en volharding vereis word ten einde hul studies suksesvol te voltooi. Die uitvalsyfer vir ons leerders is minder as 1%.

### 4. Word studente maklik tot universiteite toegelaat?

Tot aan die einde van 2011 moet leerders

# Werklik 'n alternatief?

—saamgestel deur Toi Nell

wat universiteit toe wil gaan, die SAT (Skolastiese Aanlegtoets) en/of die NBT (Nasionale Metingstoets) skryf en hulle word tot verskillende universiteite deur die betrokke senaat se diskresionêre besluit toegelaat. Hier by ons hoofkantoor help ons alle Gr. 12-studente met hierdie proses en tot op hede was almal geskik en tot universiteitstudie in staat bevind en toegelaat.

**5. Enige spesifieke probleme waarvoor ouers op die uitkyk moet wees wanneer hulle die ACE-kurrikula met hul kinders volg?**

Die werkboeke is selfverduidelikend en ouers hoef geensins te voel dat hulle ongekwalifiseerd is nie. Die algemene gevoel is egter dat kinders afgeskeep word as dit by sosiale interaksie kom, maar ons het 14 tuisonderwysakademies regoor SA wat elke 'tuisskool' monitor en kan help met die organisering van sportaktiwiteite en uitstappies. Dit verseker ook dat 'n sekere standaard gehandhaaf word. Een van die uitdagings van hierdie stelsel is dat ouers die fout kan begaan om hul kinders te forseer om bloot net te slaag om te kan kwalifiseer. Ouers behoort seker te maak dat hul kinders 'n gebalanseerde opvoeding kry.

## Deel van leefstyl

Lenora Hammond, eggenote van Dr. Peter Hammond, onderrig twee van hul vier kinders tuis. Hul oudste dogter is 'n tweede-jaar-student aan 'n universiteit in Amerika en hul seun, Christopher, is vanaf die begin van 2011 'n leerder aan 'n plaaslike hoërskool nadat hy ook vir etlike jare tuis onderrig is.

**Lenora, julle het besluit om julle kinders tuis te onderrig toe dit nog 'n relatiewe 'nuwe' konsep in SA »**



# TuiSonderrig: Werklik 'n alternatief?

**was. Hoekom het julle hierop besluit?**
Toe ons daarop besluit het, was dit nog 'n nuutjie in SA. Op daardie stadium het min ouers kinders tuis onderrig en ons het dié besluit nie ligtelik geneem nie. Ons is deur Amerikaanse voorbeelde geïnspireer en het geweet dit is lewensvatbaar. Ons het hierop besluit omdat ons 'n 'leerleefstyl' deel van ons kinders se opvoeding wou maak, i.p.v. om die opvoedingproses van die huis te skei. Die klasgrootte by skole het bly groei en die Christelike godsdiens was reeds nie meer belangrik in staatskole nie.



### Watter kurrikulum het julle gebruik?

Ons het die 'Bob Jones University'-kurrikulum gekies omdat ons die uitleg, die omvattende benadering en die Christen-boodskap daarin geniet het. Opvoeding is nooit neutraal nie, en ons was baie in ons skik dat die vertrekpunt van elke vak baie deeglik op God en Sy Woord gebaseer is.

Mettertyd het ek ook meer selfvertroue ontwikkel en ek het ons program begin saamstel uit verskillende kurrikula. Hierdie eklektiese benadering het dit vir my moontlik gemaak om kurrikula te kies wat elk van my kinders se sterkpunte kon uitbou. Op die oomblik gebruik ons ACE vir die ander twee omdat dit ons kinders voorberei om vertroud te wees met gebeure van die dag in SA, i.p.v. die streng-Amerikaanse kurrikulum.

### Jul dogter is nou op universiteit. Terugskouend, was dit moeilik om die lewe as eggenote, ma en 'onderwyseres' te laat balanseer?

Ja, Andrea het die SAT-eksamen by UK afgelê en studeer nou Joernalistiek aan die Arizona Christian University. As ek nou terugkyk, was dit soms moeilik om goeie balans te handhaaf met vier kinders wat tuis onderrig is. Ek het egter baie vroeg al daaraan gewerk om my twee dogters onafhanklik te maak t.o.v. hul werk. Ek het ook van tutors, DVD-programme en CD's vir Wiskunde en Wetenskap gebruik gemaak. Toe hulle dus tieners was, kon hulle heeltemal selfstandig werk. Dit het my meer tyd gegun om intensief met die twee seuns gemoeid te wees.

### Moes jy baie tyd aan voorbereiding vir elke dag spandeer?

Aan die begin was voorbereiding vir elke dag noodsaaklik. Sommige daarvan is in die aand gedoen, en ander kere sou ek voorberei terwyl die kinders besig was om op hul eie te werk. Toe ons jongste seun, Calvin, in graad 1 was, het ek blokraaie, woordspeletjies en Wiskunde-speletjies die vorige aand voorberei. Hy sou dan 'skool toe kom' en is toegelaat om daardie speletjies te speel voordat die ernstige werk uit 'die boeke' sou begin. Dit het my dan tyd gegee om intensief met Christopher te werk.

### Wat, volgens jou, is die voor- en nadele van tuisonderrig?


Indien die benadering Bybelsgebaseer is en man en vrou stem saam t.o.v. die keuse, waag ek dit om te sê daar is regtig nie 'nadele' nie! Vir die roetine om te slaag, is orde van kardinale belang. Kinders móét weet dat die slagspreuk is: ' Gehoorsaamheid – die eerste keer al'. En hulle moet ook be-

gryp dat die takies tuis deel is van die dinge wat van hulle verwag word. Huiswerkies moet as 'n gesin hanteer word en dit help om die las van die ma te verlig. Om nie eens te praat wat dit kinders alles oor verantwoordelikheid leer nie. Die volgende belangrike besluit bly egter die kurrikulum.

Kyk bietjie rond, gesels met ander ouers, Google die onderwerp en besluit dan biddend oor watter program vir julle as gesin sal werk. Laat die kinders ook by sport en musiek betrokke raak om hulle op sosiale gebied te laat aanpas en ontwikkel. Dit is egter belangrik om nie té veel buite-aktiwiteite te hê nie – dit is dikwels 'n probleem by gesinne wat tuisonderwys gekies het.

### Enige raad aan voornemende tuisonderrig-ouers?

My beste raad is om baie goed te verstaan 'waarom' julle tuisonderrig doen. Hierdie besluit moet beslis nie oorhaastig geneem word nie, of na 'n slegte skooldag van een van jou kinders nie. Dit moet wees omdat julle oortuig is dat dit die heel beste keuse vir julle as gesin is. Dit is 'n leefstyl-besluit. Probeer ook om opvoeding



**Tuisonderrig moet wees omdat julle oortuig is dat dit die beste opsie is.**

en onderwys in die lig van Deut 6:5-9 te sien: *"...Jy moet jouself heelhartig verbind aan die gebooie wat Ek vandag vir jou gee. Herhaal hierdie woorde oor en oor vir julle kinders. Praat daaroor by die huis en wanneer julle op op pad is..."*

### Ervaring aan die woord

Avril Herman, onderwyseres en nou afgetree na 35 jaar in die onderwys, het met JUIG! oor tuisonderrig gesels.


### Avril, jy was vir baie jare onderwyseres en het al die veranderinge gesien wat die skoolstelsel in SA ondergaan het. Wat is jou siening t.o.v. die huidige skoolstelsel?

Die kurrikulum het wel verander, maar die implementering daarvan hang van elke skool af. Goed-opgeleide en entoesiastiese opvoeders behoort lewensvaardighede effektief binne enige kurrikulum te kan onderrig.

### Dink jy tuisonderrig is 'n opsie – sal dit nie die sosiale vaardighede van kinders nadelig beïnvloed nie?

Die gewildheid van tuisonderrig is besig om in SA toe te neem. Dit is reeds baie goed in die VSA gevestig waar sport- en ander aktiwiteite met hul portuurgroep deel van die tuisonderrig-pak- »

edugrafix
My Skooljare
Agentskappe Beskikbaar



Professioneel ontwerp
Kleurvol, pret en maklik
Uitbreibaar en aanpasbaar
Hope plek vir elke jaar
Duursaam en uniek
Naam op album
Dek 14 jaar

My Eerste Jare
album ook
beskikbaar

Afrikaans
of Engels

edugrafix@worldonline.co.za
www.edugrafixalbums.com
Tel: 021 361 3576/Faks: 012 361 7860

THEOLOGOS
Skool van Bediening
BERADING- & GENESINGSKOOL

Die HERE het ons gesalf om die blye boodskap te verkondig aan die armes... Om die mense met gebroke harte te genees... Om die gevangenes vry te laat. Jes. 61:1
'Die stem van een wat uitroep in die wildernis: "Maak die pad van die HERE reguit,"' Joh 1:23

Hierdie Bediening is deel van die Internasionale Apostoliese- en Koninkryks-Reformasie

Satelliet Kampusse, Korrespondensie:
Een jaar Sertifikaat in Berading & Bediening.
Seminare word lewendig in Kempton Park aangebied
Gevorderde Opleiding in Berading & Bediening:
Ons gevorderde opleiding sluit Diploma, Graad & Na-Graadse Studies in.
Beskikbaar in ENGELS en AFRIKAANS

(Kursusse is geakkrediteer deur Wêreldwye Akkrediteringskommisie, VSA)




www.disciple.co.za

H/v Braambos & Monumentstr, Glen Erasmia, Kempton Park * Privaat Sak X03, Aston Manor, 1630
Tel: (011) 979 3917 * Faks: (011) 979 4078
Sel No. 082 828 7291
E-pos: theologos@disciple.co.za

# TuiSonderrig: Werklik 'n alternatief?

ket is. Dit móét beslis deel van die onderrigprogram wees omdat kinders sosiaal en emosioneel ook moet ontwikkel.

**Jy is ouma van drie wat leerders aan 'n Openbare Skool is nadat hulle leerders by 'n Montessouri Skool in Amerika was. Wat is die verskil tussen die Montessouri-stelsel en tuisonderrig?**

Die Montessouri-stelsel laat, net soos tuisonderrig, toe dat kinders teen hulle eie pas werk. Dit is egter net effektief indien die onderwyser die kinders lei om 'n hele reeks aktiwiteite aan te pak en nie bloot net dié waarvan hulle hou nie. Sosiale interaksie en fisieke ontwikkeling word getroetel. Probleme kan ontstaan indien 'n kind wat daaraan gewoond was om onafhanklik te werk, al is dit binne 'n groep, na 'n openbare skool geskuif word.

Een van my kleinseuns het dit bitter moeilik gevind om in 'n klassituasie te werk toe hy na die openbare skool geskuif is en dit het vir 'n paar sosialiseringsprobleme gesorg.

René Cronjé, vrou van filmmaker Frans Cronjé (Faith Like Potatoes; Hansie) en ma van Marié (12) en Ewie (11) het die volgende om aan voornemende 'tuisonderrigouers' mee te deel.

**René, waarom het jy en Frans op tuisonderrig vir julle kinders besluit?**

Die pas waarteen die lewe by ons verbyjaag en die amper magtelose posisie waarin 'n ouer hom-/haarself bevind om daardie pas te makeer, het ons daartoe genoop. Tuisonderrig help ons om ons program meer effektief om ons gesin se behoeftes te reël. Dit bied ook alternatiewe metodes om kinders met meer vreugde aan te moedig om te leer.

Ons het al die positiewe en negatiewe elemente opgeweeg en besluit tuisonderrig se positiewe en negatiewe punte is 'n pakket wat meer by ons leefstyl en drome vir ons kinders inpas. Nou is daar ook die vooruitsig om saam met Pa op stel te wees as deel van die filmspan as ons met produksie begin. Veral Marié deel Frans se passie vir die kreatiewe en dit gee haar 'n kans op 'n waardevolle leerskool. Ons glo egter ook dat opvoeding primêr die ouer se taak is.

**Het julle hierdie saak baie goed ondersoek voordat julle die besluit geneem het en watter kurrikula gebruik julle?**

Ons moeilikste besluit was om ons kinders uit 'n puik skool te neem waar hulle in 'n omgewing van kameraderie en hegte vriendskappe was. My enigste motivering was die modelle wat al jare suksesvol in plek is vir tuisonderrig en goeie vriende wat reeds getuig van die werkbaarheid en vreugdevolle, belonende nuwe wêreld wat vir hulle oopgegaan het. Ons vertrou ook die sisteem in plek om ons te lei en raad te gee t.o.v. die kurrikula. Jy kan mos ook jaarlikse aanpassings maak soos wat jy struikelblokke teëkom.

**Enige raad aan ouers wat tuisonderrig oorweeg?**

Die idee van tuisonderwys is nie om die klaskamer tuis te dupliseer nie, maar eerder om leer deel te maak van ons alledaagse doen en late. Sy advies aan my was om vir elke jaar wat my kinders op skool was, 'n maand of twee 'af' te neem en dan sekere riglyne te volg as voorbereiding vir die nuwe onderrigstelsel. Ek noem slegs 'n paar:

- Geen formele onderrig tydens dié tyd nie, laat hulle speel.
- Laat hulle nuttig voel in die huisopset; kry roetine in plek soos opstaan, bedopmaak, ens.
- Hulle moet tyd maak om na klassieke musiek te luister – veral uit die Barok-tydperk aangesien dit met konsentrasie help.
- Daar moet ten minste een uur per dag gelees word – voorlesing of selflesing.
- Verken jou omgewing en doen saam avontuurlustige dinge.



Ons begin in April met formele tuisonderrig. Ek voel nog net so onbevoeg en onseker, maar ek hou aan Ps 1 vas! As ek my hoop in die Here stel, sal ek soos 'n boom by 'n waterstroom wees wat op die regte tyd vrug sal dra (myne is om met geduld en wysheid my kinders te onderrig), my blare sal nie verwelk nie en alles wat ek doen, sal deur die Here geseën word.

### Hemelse Vader rus toe

Claire Robson is 'n ma van drie wat ook op tuisonderrig besluit het. "Ek bid daagliks vir wysheid en onderskeiding om selfs elke minuut in te gryp – nie net elke dag nie – wanneer uitdagings my en die kinders in die gesig staar."

### 1. Wat was die grootste uitdaging tot nog toe wat julle in die gesig moes staar?

Om elke dag vir die hele dag saam te wees en dat ek drie hoede gelyk moes dra. Dit het natuurlik tot gevolg dat ons almal gedwing word om nederig te wees – tuisonderrig is nie die fokus nie, God wel.



**'n Christelike opvoeding skep 'n stabiele omgewing van onskatbare waarde.**

Onderrig is maar net 'n deel van die dag. Om mekaar lief te hê, is 'n uitdaging veral as 'n mens dit tot Sy eer doen.

### 2. Kan jy vir ons vertel hoe 'n tipiese 'skooldag' daar uitsien?

Ons staan op, doen gou-gou die nodige huiswerkies – ons het nie 'n huishulp nie - met vreugde! Ek verwag nogal baie van die kinders, maar hulle het geleer hoe ons huishouding funksioneer, veral hoe om kos te maak, wasgoed te was en dinge glad te laat verloop. En hulle het hulself bewys, veral toe ek siek was en hulle my moes bedien. Ons volg tans die ACE-kurrikulum en hulle begin gewoonlik so tussen 7.30 en 8.00 in die oggend. Elke uur-en-'n-half neem ons 'n breek en dan is hulle gewoonlik buite. Ons 'skooldag' eindig gewoonlik so teen twee-uur. Iets om aan te knibbel is ook 'n noodsaaklikheid, want dit stimuleer die brein.

### 3. Onderrig jy al drie jou kinders en in watter grade is hulle?

Kieran is tans in Graad 7, Jordan in Graad 5 en Timothy is in Graad 2. Dit was aanvanklik 'n baie groot uitdaging om vir drie verskillende grade en drie persoonlikhede voor te berei, want al drie verskil grootliks. Daar is heelwat kurrikula beskikbaar wat ouers »

Links: Die Robson-gesin, Kieran, Jordan, Claire en Gavin en Timothy


## Die South African Theological Seminary bied 'n konferensie aan:

## Understanding the 4-14 Window: Challenging the Church to rethink its position on children's ministry

## 11 – 13 Mei 2011
## Edenvale Baptiste Kerk

***Hierdie uiters belangrike konferensie is 'n nuwe inisiatief om die Kerk in Suid-Afrika aan te spoor om te reageer op die toekoms van die Evangelie in die Koninkryk van God. Kinders tussen 4-14 jaar is 'n onontginde groep. God kan en wil jong mense gebruik om die harte van die mensdom te verander.***

KOSTE R850



Foto: Geopendo Deuro

**Internasionale Konferensiesprekers:**
Dr. Daniel Sweeney, Dr. Dan Brewster en Dr. Keith White

- Iintersnasionale kundige in Spelterapie, Dr. Daniel Sweeney, sal werkswinkels fasiliteer wat met die kind- en gesinsterapie en trauma-intervensies verband hou.
- Hierdie konferensie sal ook op praktiese maniere fokus om kerke te help om die Bybel reg te lees en te interpreteer vanuit 'n kindgefokusde perspektief

**Wie behoort dit by te woon:** Predikante, Pastore, Kerkleiers en enigiemand wat betrokke is by lering, onderrig of berading van kinders. Leiers en werkers in die sendingveld, gemeenskapsontwikkelingsleiers en enigiemand wat met kinderheling, -beskerming en –ontwikkelingsprogramme werk.

SOUTH AFRICAN THEOLOGICAL SEMINARY
Bible-based · Christ-centred · Spirit-led

www.satsonline.org

+27 11 234 4440
jenny@sats.edu.za
www.satsonline.org

Registered with the Department of Education as a Private Higher Education Institution under the Higher Ed.Act, 1997, Registration Certificate No: 2001/HE08/005

# Moria
## Tuisskoolmateriaal



**TRADISIONELE SKOOLONDERWYS:**
raak 'n groterwordende probleem. U is ontstoke oor swak akademiese standaarde, geen Bybelonderrig vir u Christen kinders, geen eie kultuuronderrig, oorvol klasse sonder dissipline en onreëlmatige matriekeksamens wat lei tot sertifikate wat internasionaal in die eerste wêreld niks meer beteken nie.
**Wie sê kinders kan net behoorlik in 'n "skool" geleer word? Wetenskaplike navorsing bewys die teendeel!**

**MORIA TUISSKOOLMATERIAAL**
is **15 jaar** gelede gestig as 'n oplossing vir bogenoemde probleme.
MORIA bied skoolboeke en sillabusse:
- met Bybelse waardes en beginsels.
- met hoë akademiese standaarde.
- wat gekeur en uitgesoek word deur van die beste vakkundiges.

**MORIA:**
- bied 'n nasionale UMALUSI- geakkrediteerde matriek wat deur al ons universiteite erken word. Buitelandse universiteite erken dus ons matriek gelykwaardig aan enige ander S.A. staatsmatrieksertifikaat.
- bestaan reeds 15 jaar en kon daarom tuisskool ontwikkel tot 'n sukses en onderwyskwaliteit van uitnemendheid. Daarom is van ons kandidate reeds besig met PhD-studies aan vooraanstaande oorsese universiteite.
- het die top presteerder in 2009 opgelewer, met onderskeidings in 7 van die 9 vakke.
- bied suiwer Afrikaanse taalstudie met voorgeskrewe werke wat karakters met sterk Christelike en kultuureie sentiment bou.
- put uit die opleiding en jarelange ervaring van verskeie vakkundiges.
- is trots op die hoogstaande ondersteuning en telefoniese diens aan die kliënte.
- poog om 'n bekostigbare onderwysdiens te lewer vir elke Christen Afrikaner.

**Vir alle tuisskolers, privaatskole en tuisonderwys-hulpsentrums**
**Tel: (018) 294 6504 • moria@lantic.net**
**www.moriatuisskool.co.za**




# TuiSonderrig: Werklik 'n alternatief?

wat nie onderwysers is nie, kan begelei. Ons het egter gevind dat ACE ons gesin pas. Die kinders werk onafhanklik en ek is bloot net die fasiliteerder. Dit is vir my baie belangrik dat kinders hul opvoeding moet 'besit': dit is 'n keuse én dit is hulle toekoms.

As hulle eers kan lees en skryf, kan hulle leer en self meer uitvind oor enigiets anders. Dit is juis die fondasie wat ons gelê het: om lief te wees vir boeke, gevul met ware mense wat die moed en geloof gehad het dat alle dinge moontlik is, om in hulself te glo en te besef dat hulle hul drome kan verwesenlik. Hulle het 'n fantastiese algemene kennis en lees 7-10 boeke van hul keuse van die biblioteek per maand. Timothy het so pas begin met sy leesreis, en is gek daarna.

### 4. Is dit nie vir jou uiters moeilik om op drie vlakke voorbereid te wees nie?

Ek sou dit baie uitdagend gevind het indien een in 'n gewone skool was! Verlede jaar het ek so bietjie 'af' geneem en al drie by die plaaslike skool ingeskryf. Hulle het baie gou ingeskakel en vinnig nuwe vriende gemaak. Ons het egter gelei gevoel om weer tuis te onderrig en die Here het regtig hul harte voorberei daarvoor. Ons kry net soveel meer tuis gedoen as ek met elkeen persoonlik werk.

### 5. Wat doen julle om te verseker dat julle kinders op sosiale vlak met ander in aanraking kom?

Ek was nog nooit te veel daaroor bekommerd nie, want hulle ontmoet en skakel gereeld vriende deur die kerk, deur uitstappies wat die onderskeie tuisonderwysgroepe reël en ook in die park oorkant ons huis. Al die kinders in ons buurt kom gewoonlik laatmiddag hier bymekaar en speel sommer lekker sokker of krieket saam.

Op grond van die ligging van ons huis is ons ook nie afgesonder nie en een keer per week besoek ons 'n gasheerskool wat gesinne wat die ACE-kurrikulum volg, help. Dit is 'n wonderlike steungroep! Die kinders doen dan op dié betrokke dag rekenaarvaardigheid, kuns en sport. Hulle doen ook ander aktiwiteite soos ballet, krieket, tennis en kitaar.

### 6. Het jy 'n spesifieke vertrek by die huis as 'klaskamer' ingerig, of het julle daarteen besluit?

Nee, ek het gewoonlik heelwat wat in die huis gedoen moet word in die oggend en ek hou daarvan om die kinders naby my te hê wanneer ek werk. Jordi en Tim werk sommer by die eetkamertafel en Kieran werk in sy kamer omdat hy goed op sy eie aangaan. Alles word aan die einde van die 'skooldag' weggepak en dan is ons weer 'tuis'.

### 7. Waar kan ouers meer te wete kom?

Die Pestalozzi Trust is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie wat vrygestel is van inkomstebelasting omdat hy sy inkomste gebruik om dit moontlik te maak vir ouers om tuisonderwys vrymoediglik en met gemoedsrus in die beste belang van hul kinders te kies.

Die Trust het hom gevestig as gesaghebbende bron van inligting vir die tuisskoolgemeenskap, die publiek, die media, navorsers en die owerheid. Skakel die Trust by 012 330 1337 of besoek www.tuisonderwys.co.za. Google gerus ook die onderwerp en besoek die onderskeie webwerwe wat aangedui word. ▪

**Meer webtuistes:**
- http://www.pestalozzi.org/index.php
- http://homeschoolinfo.co.za/index.html
- http://www.capehomeed.org.za
- http://groups.google.com/group/durbanville-homeschoolers?hl=en&pli=1
- http://homeschooling.gomilpitas.com/regional/SouthAfrica.htm
- http://www.south-african-homeschool-curriculum.com